Olielamp

Want ons leef vir die Heer!



Josua

Jaargang 18 nr 02 Maart 2014

REDAKSIESPAN 2014

Hoofredaktrise
Janet Pouwels

Subredaktrise
Karlien Stolper

Uitleg
Chrisna Bosker

Admin & Webtuiste
Elsabé Ros

Lid
Nicoline Anholts

Lid
Saskia Snijder

Lid
Renette Ros

Subredaktrise
Martha Hamming

Subredaktrise
Charmaine de Bruijne

Lid
Corneel Hagg

Subredaktrise
Maryke Roos

Illustrasies
Danelle van den Berg

Lid
Marijke Luijk

Lid
Herno van der Linden

Lid
Tanja Pienaar

REDAKSIONEEL

Beste leser

Soos julle in die vorige uitgawe gehoor het, gaan die Olielamp hierdie jaar op verskillende Bybelboeke fokus. Op so 'n wyse kan ons meer leer oor die Bybelboek self, en ook iets daaruit saamvat in ons daaglikse lewens.

Hierdie maand bespreek ons die boek Josua. Ons bespreek die verwoesting van Jericho en hoe die mense steeds op God gefokus het. "Ek en my huisgesin, ons sal die Here dien." Ons lees ook oor die belangrikheid daarvan om ons kinders tot eer van God in geloof op te voed.

Verder word daar gefokus op die Tien Gebooie en of dit vandag nog geldig is. Daar word ook gekyk na hoe God steeds na ons luister en ons gebede verhoor.

Verder is daar nog 'n paar veranderings in die Olielamp redaksiespan. Loïs Boon tree uit en in haar plek sal Danelle van den Berg nou verantwoordelik wees vir die illustrasies. Carmen de Jong en Hilde Kamphuis tree uit as lede, en in hulle plek sal Renette Ros en Saskia Snijder nou waarneem. Ons sê baie dankie aan Loïs, Carmen en Hilde vir al hulle harde werk, en dan sê ons baie welkom aan Danelle, Renette en Saskia!

Ons glo dat die Here die Olielamp hierdie jaar weer sal gebruik as 'n instrument om ons te laat besef hoe groot ons God is. Mag elke Olielamp-uitgawe jou help om Hom te dien en aan Hom eer te bring.

Groete
Charmaine

Die Olielamp is daar om die Drie-enige God te eer. Dit verskaf riglyne vanuit sy Woord en versterk sodoende die leser om God deel te maak van alle aspekte van die lewe.

Die doel van die Olielamp is om te verseker dat daar kwaliteit leesstof vir die jeug en ander belangstellendes beskikbaar is. Dit gee elkeen die geleentheid om hulle opinies te lig en om hulle talente in God se Koninkryk te gebruik. Dit bevorder kommunikasie tussen verskeie Vrye Gereformeerde kerke in Suid-Afrika.

Die visie van die Olielamp is om die leser te bemoedig om 'n God-gerigte lewe te lei.

INHOUDSOPGAWE

Uit die Woord

05 *Die verhaal van Ragab*

06 *Die Engel van God*

07 *Die verwoesting van Jerigo*

08 *Die verhaal van Agan: 'n waarskuwing, maar ook 'n troos*

Oppad

10 *My huis leef vir die Here*

11 *Om kinders in die geloof op te voed*

13 *Hoor God my gebed?*

14 *Maar ek en my huis, ons sal die Here dien*

16 *Geld die Tien Gebooie vandag nog?*

NGB artikel

19 *Artikel 2: Die middele waardeur ons God ken*

Atgesneen

21 *Reaksie op die vorige uitgawe*

22 *Boekresensie*

23 *Challenge*

Die verhaal van Ragab

Geskryf deur: Lieneke Smit

In die versekering wat Josua ontvang, stuur hy twee verkenners uit na Jerigo om die stad te verken. Jerigo was bang vir die Here en sy buitengewone mag, en daarom moes alles in die geheim geskied, anders sou die verkenners gevang en doodgemaak word. Ragab speel 'n belangrike rol in hierdie gebeurtenis. Ragab gee haar samewerking. Sy het 'n huis in die stadsmure gehad. Tussen die vlas wat op die huis se dak gelê het om droog te word, het sy wegkruipplek vir die verkenners gegee. Van daar af het sy hulle later teen die muur laat afsak en gehelp om weg te kom. Die verkenners het vir haar gesê dat hulle haar en haar familie sou spaar wanneer die Israeliete Jerigo sou aanval.

Deur Ragab se toedoen kon die verkenners hulle opdrag suksesvol uitvoer en kon Josua positiewe bevestiging vir sy opdrag kry. Ragab het dus 'n belangrike rol in die uitvoering van God se wil gehad. Ons lees ook in Mattheus 1:5 dat Ragab in die geslagsregister van Dawid en van Jesus Christus voorkom. Deur hierdie gedeelte word ons gewys dat die Here sy werk kan doen deur mense van wie ons nie sou verwag dat hulle God diensbaar kan wees nie. Die Here het Josua verseker dat Hy by hom sal wees en het hom opgeroep om sterk te wees vir sy taak, en hier bevestig Hy sy opdrag aan Josua deur Ragab van alle mense te gebruik.

Ons moet leer om gebeurtenisse en persone binne God se raamwerk en God se almag en sy heilige wil te sien. Ons moet leer om hierdie gebeurtenisse en persone al hoe minder binne die raamwerk van ons eie beperkte visie te sien en te beoordeel. Niemand is te klein of te gering dat God nie deur hulle vir ons die pad wat ons moet loop, kan wys nie.

Die Engel van die God

Geskryf deur: Janet Pouwels

Josua gaan op ‘n verkenningstog na Jerigo. Skielik staan daar ‘n man met ‘n uitgestrekte swaard voor hom. Josua vra natuurlik of hierdie man aan Israel of aan die vyand se kant is, maar die man antwoord dat Hy nie aan een van die twee kante is nie. Nie aan Israel se kant nie, maar ook nie aan die vyand se kant nie – Hy is aan God se kant. En Hy het gekom om Israel te help om Jerigo te verslaan.

Maar wie is hierdie leërowerste?

In Openbaring het Migael en sy engele teen die draak, teen die Satan baklei. In Daniël word Migael die owerste genoem, dieselfde woord wat vir hierdie Engel gebruik word. Dit lyk dus asof Migael hierdie beskrywing pas.

Maar Josua het op sy aangesig geval voor hierdie Engel en Hom aanbid. En geen geskape engel van God sou ooit toelaat dat ‘n mens dit doen nie. Die Engel het verder ook nog gesê: “Trek jou skoene van jou voete af, want die plek waar jy op staan, is heilig.” Dit is presies dieselfde woorde wat die Engel van die Here aan Moses gesê het toe Hy in die brandende doringbos verskyn het.

Hierdie Boodskapper is dus die Seun van God! Hy is die leërowerste oor al die engele. Hy is Engel van God.

En die Engel van God gaan saam met die volk Israel om die stad Jerigo te verslaan. Josua hoef hom nie te bekommer oor hoe hy Jerigo kan verower nie, want God se onsigbare leërmagte staan gereed om die stryd te voer. Wat ‘n bemoediging, ook vir vandag.

Hierdie verskyning maak duidelik dat die stryd oor Kanaän die stryd van die Here is. God se Seun staan met ‘n uitgestrekte swaard gereed om hulle te straf. Christus is nie slegs ‘n ‘liewe Jesus’ nie. Hy word ook in die Bybel as ‘n Regter en Stryder beskryf wat sy vyande sal verslaan. Die Here Christus moet gevrees word. Ons moenie net die liefde van Christus vir sondaars preek nie, maar ook sy toorn teenoor almal wat Hom verwerp. As jy egter in geloof by Hom skuil hoef jy nie meer bang te wees vir sy swaard nie.

Simboliek?

Net soos wat die Seun van God gesorg het dat Jerigo verslaan word, het Hy ook óns vyand vir ons verslaan. Hy het die Satan verslaan. En nou wag die Satan net vir die finale trompetgeskal, wanneer sy laaste oorblyfsels saam met sy koninkryk van duisternis in die ewige vuur gegooi sal word.

Christus, die Engel van God, het die geestelike Jerigo verslaan, en in die plek daarvan ‘n nuwe stad gebou, die nuwe Jerusalem, waarin ons eendag vir ewig mag leef. Hierdie stad se mure sal nooit val nie. Hierdie stad is heilig omdat die teenwoordigheid van Christus dit vul.

Maar hierdie stad is ook hier, want Christus is hier by ons. Óns is die stad, die nuwe Jerusalem, die ware Israel, en Christus lééf in ons!

Bronne:

- Preek van ds C Kleijn. 18 Oktober 1998. Die Here gee Jerigo in Israel se hand.
- http://lcmssermons.com

Die verwoesting van Jerigo

Geskryf deur: Martin Antonides

Josua gaan op 'n verkenning na Jerigo. Skielik staan daar 'n man met 'n uitgestrekte swaard voor hom, gereed om te veg (Josua 5: 13). Josua het hierdie man betwyfel en het vir hom gaan vra aan watter kant hy is, aan die kinders van Israel of aan die Kanaäniete se kant. Hierdie man was aan Josua se kant. Dit was die owerste van die leër van die Here. Die leërowerste blyk die Engel van die Here te wees. Hierdie man sê toe vir Josua dat hy hom nie hoef te bekommer oor hoe hy Jerigo gaan verower nie. God se onsigbare leërmagte staan gereed om die stryd te voer. Hierdie verskyning maak duidelik dat die stryd oor Kanaän die stryd van die Here is. Wat 'n bemoediging is dit nie vir Josua nie!

Die mense van Jerigo het Josua uitgelag. Hy het net rondom die stad geloop, die hele volk Israel saam met hom. Maar dit was vir die Here. Hy het nie skaam gevoel daarvoor nie. Hy het net op die Here vertrou. Voor aan die stoet was daar swaar gewapende manne wat gereed was om te veg. Agter hulle was daar sewe priesters wat elkeen op 'n ramshoring geblaas het en voor die ark uitgeloop het. Agter die ark het die res van die volk geloop. Hulle moes almal in stilte om die stad loop. Net die ramshorings mag geblaas word. Hulle moes vir ses dae een keer om die stad loop. Op die sewende dag het dinge 'n bietjie anders verloop. Toe moes die volk sewe keer om die stad loop. Met die sewende rondte het Josua die volk bevel gegee om te skreeu, want God gee vir Israel die stad Jerigo in hulle hande. Toe die volk begin skree het die hele stadsmuur, behalwe Ragab se huis, inmekaargestort. Daar mag geen genade gegee word vir die mense van Jerigo nie. Almal moes sterf. Selfs die diere moes doodgemaak word en die besittings van die mense verbrand word. Niks en niemand behalwe Ragab en haar huis mag gespaar word nie. Die stad Jerigo mag nooit weer herbou word nie.

Die manier hoe Josua Jerigo ingeneem het was 'n geloofsdaad van hom om so op die Here te vertrou. Soos wat in Hebreërs 11:30 staan: "Deur die geloof het die mure van Jerigo geval nadat daar sewe dae lank omheen getrek was." In hierdie Bybelgedeelte sien ons ook weer hoe sterk God is. Dit versterk ook die woorde van Jesus in Mattheus 21: 18-22, spesifiek vers 21 en 22.

> "Maar Jesus antwoord en sê vir hulle: Voorwaar Ek sê vir julle, as julle geloof het en nie twyfel nie, sal julle nie alleen doen wat met die vyeboom gebeur het nie; maar al sê julle ook vir hierdie berg: Hef jou op en werp jou in die see – sal dit gebeur. En alles wat julle in die gebed vra, sal julle ontvang as julle glo." (Mattheus 21: 21, 22)

Ons sien ook weer die genade van God in hierdie verhaal. Hoe Hy vir Ragab en alles en almal in haar huis beskerm en bewaar het. Hy is 'n God wat sy beloftes nakom. Hy is 'n God van genade en sal niemand seermaak as hulle dit nie verdien nie. Hy is ons Beskermer en Bewaarder. En Hy het al klaar ons pad vir ons uitgelê, ons moet dit nog net stap en glo soos Josua in God geglo het. Hy is ons God en ons mag op Hom vertrou.

Die verhaal van Agan: 'n waarskuwing, maar ook 'n troos

Geskryf deur: Rynier Ros

Die banvloek

Ons is almal goed bekend met die verhaal van die hoer Ragab en die boodskappers in die stad van Jerigo. God het die volk Israel beveel om vir ses dae een keer om die stad te loop, en op die sewende dag sewe keer om te loop en dan op die horing te blaas. Sodoende het die mure ineengestort, Jerigo is oorwin en almal is doodgemaak, behalwe Ragab en haar gesin volgens die belofte wat hulle aan haar gemaak het. God het die kinders van Israel beveel om alles met die banvloek te tref en niks vir hulleself te vat nie. God het immers die oorwinning aan hulle geskenk; dit was nie uit eie krag nie.

Josua 7 is 'n verhaal van selfsug en eiewilligheid. Agan, die seun van Karmi, het nie na die woord van God geluister nie. Hy het nie alles met die banvloek getref nie, maar vir hom van die buit geneem, naamlik een mooi mantel, tweehonderd sikkels silwer en een goudstaaf van omtrent vyftig sikkels in gewig.



God se toorn

God se toorn was opgewek oor die volk Israel, en God het Homself van hulle onttrek. Toe die volk Israel uittrek om teen die stad Ai te veg, is hulle oorwin en moes vlug voor die inwoners van Ai. In 'n gesprek van God met Josua, kom dit aan die lig dat iemand van die buit vir homself gevat het. God sê aan Josua dat Hy self die skuldige persoon sal aanwys deur die lot te werp. Hy sal eerstens die stam aanwys van die skuldige, en dan die geslag, en dan die gesin, en dan man vir man totdat die lot uiteindelik val op die persoon wat God se bevele oortree het. Hierdie persoon moet dan met vuur verbrand word, hy en sy huisgesin en alles wat hy besit, omdat hy die hele Israel in die skande gebring het.

Genoeg geleenthede

Ons lees dat Agan geswyg het. Agan kon baie keer na vore gekom het voordat die lot op hom geval het. God gee ons ook geleentheid om met ons sondes na vore te kom en om vergifnis te vra. God is 'n streng God, maar Hy is ook barmhartig. Ons kan na God kom met al ons sondes en oortredinge en nog steeds sal God ons vergewe as ons werklik berou het.

God se duidelike riglyn

Ons sien hier dat God erns maak met die sonde en oortreding van sy wil. Hoe dikwels sê God nie vir ons in sy wet wat Hy van ons wil hê nie, en dan oortree ons dit nog steeds? God gebruik teëspoed en swaarkry as 'n middel om ons nader aan Hom te bring. Baie keer gaan dit sleg by die werk of op skool, dan vra ons altyd hoekom God so ver is, maar dit is dalk net 'n geleentheid om eerlik na jouself te kyk en te vra of jy nog werklik jou primêre taak hier op aarde volbring, naamlik om aan sy Naam alle eer te gee deur jou dade en denke, en nie jou eie belange eerste te stel nie. Ons sien dit in die woorde van

Josua in hoofstuk 7 vers 7. Hy wil weet waarom God hierdie onheil oor hulle gebring het, en dan kom die antwoord van God: Israel het gesondig. Ons is dikwels so besig met onsself, dat ons heeltemal van God vergeet.

Die hele volk is skuldig

Waarom word Israel beskuldig terwyl Agan die skuldige is? Daar is 'n solidariteit in die skuld. God se volk vorm 'n eenheid. Ons kan nooit sê: "Wat daardie gemeentelid doen, raak my nie." Agan se oortreding het die hele volk onrein gemaak. God se verbond is ontheilig en dit het sy toorn oor die hele volk opgewek. Die volk is verantwoordelik om die kwaad onder hulle te verwyder. Anders sal die Here nie meer met hulle wees nie. Hy wat die buit in Israel se midde gebring het, moet self deur die banvloek getref word saam met sy gesin.

Uitkoms

God straf egter nie net nie, Hy gee ook uitkoms. God beveel die volk om hulleself te reinig. As jy aktief teen die sonde werk om dit uit jou lewe te sny, sal God uitkoms gee. Die volk word hier beveel om die sonde uit hulle midde te verwyder, om sodoende God se toorn van hulle af te wend. Stry dag na dag teen die sonde, vra God om hulp, en saam sal ons as gemeente die sonde oorwin.

Die verhaal van Agan is vir ons 'n waarskuwing, maar ook 'n troos. Ons moet erns maak met die sonde en dit spoedig uit ons lewe verwyder. Die inwoning van die Heilige Gees eis dit van ons. Ons moet onsself voortdurend suiwer van die kwaad. Die heilige God en die sonde kan onmoontlik saamwoon in een woning. En laat niemand dink dat hy enkel en alleen vir sy eie risiko sondig nie. Niemand van ons staan op onsself nie, ons is almal deel van een liggaam. Ons dade het altyd gevolge vir die gemeenskap waarin ons lewe. Laat hierdie besef van samehorigheid in die gesin en gemeente ons almal des te meer dwing om erns te maak met die verbond met die Here. Die stryd teen die verwoestende mag van die sonde is 'n stryd waarvoor ons onsself almal moet inspan. Die hele gemeente is verantwoordelik.

Neem so die les van die geskiedenis van Agan ter harte.

Verjaarsdae

BAIE GELUK!

Chrisna Bosker	06
Amelia Begemann	10
Marijke Luijk	10
Gerrit Bouwmeester	12
Martha Hamming	19
Janika Klapwijk	17
Rudolph De Mooij	20
Tanja Pienaar	21
Guido van den Bout	23
Louw Kampman	30

My huis leef vir die Here

Geskryf deur: Janika Klapwijk

"Wees net baie sterk en vol moed, om nougeset te handel volgens die hele wet wat Moses, my kneg, jou beveel het; wyk daarvan nie regs of links af nie, sodat jy met goeie gevolg kan handel, oral waar jy mag gaan. Hierdie wetboek mag nie uit jou mond wyk nie; maar bepeins dit dag en nag, sodat jy nougeset kan handel volgens alles wat daarin geskrywe staan; want dan sal jy in jou weë voorspoedig wees, en dan sal jy met goeie gevolg handel." (Josua 1: 7-8)

Gesinne in Suid-Afrika beleef 'n krisistyd. Die rede vir hierdie krisis het hoofsaaklik gekom omdat gesinne nie meer die duidelike riglyne van God oor hoe 'n Christelike huis behoort te lyk en te leef, ken nie, en dit daarom ook nie meer uitleef nie.

Hoe moet 'n gelowige hiermee omgaan? Dit sal die situasie net vererger om te maak asof die krisis nie bestaan nie, of om te dink die krisis sal vanself weggaan, of om te verwag dat ander mense my krisis vir my sal oplos. Christen-gelowiges sal op 'n ander plek 'n oplossing moet kry. Daardie plek is in die Here se Woord.

My verantwoordelikheid voor die Here

Wat was Josua se verantwoordelikheid? Wat was sy roeping? Wat moes hy doen?

Die Here het Josua geroep om as gelowige na vore te tree. Josua moes as gelowige die Here se wil gehoorsaam. Die Here se wil vir Josua was: Hy moes Israel in Kanaän inlei (Josua 1:2).

Hoe moes hy dit doen? Josua moes die Here se wet uitvoer. Hy moes volgens die Here se wil en die Here se wil alleen leef. Hy moes sterk en vasberade wees in die nakom van die Here se wil (Josua 1:7, 8).

Dit was Josua se verantwoordelikheid, sy roeping voor die Here. Nie net Josua nie, maar elke gelowige het 'n roeping voor die Lewende God. Wat is ons elkeen se roeping?

Die Here roep ons op om as Christen-gelowiges na vore te tree. Wat is 'n Christen se roeping? Ons roeping as Christen bestaan uit drie dele:

1. Ons het die roeping ontvang om Christus se Naam te bely. Ons moet oor Christus praat. Die stemme wat oor Christus twyfel en Hom verdag wil maak, is die stemme wat die hardste en meeste gehoor word. Ons roeping is om ons stem vir Christus te laat hoor en vertwyfelings by ander stil te maak.

2. Ons het die roeping om onsself aan Christus as 'n lewende dankoffer te gee. Ons moet onsself aan Christus gee en Hom met ons hele lewe dank. Die mens is geneig om egosentries net vir homself te leef. Ons roeping is om die belangrikste plek wat jy in jou lewe het prys te gee en Christus die belangrikste prioriteit in jou lewe te maak.

3. Ons het die roeping om teen die sonde en die duiwel te stry. Die moderne tyd waarin ons leef, vra baie min of iets reg of verkeerd is. Ons roeping is om teen die verkeerde dinge weerstand te bied en daarvoor nee te sê.

Die Here roep ons op om sy wil soos dit in sy wet opgeteken is, as riglyn vir ons lewe te gebruik. Ons

moenie links of regs afwyk van die Here se wet nie, maar sy wil in alles navolg. Ons leef in ‘n land waar Bybels vrylik in boekwinkels beskikbaar is, maar tog leef ons in ‘n tyd waar die Bybel nie meer goed geken en gehoorsaam word nie.

Die Here roep ons op om as gelowiges nie bang te wees of kleingelowig te twyfel nie, maar sterk en vasberade te wees in die uitleef van ons roeping. Een van die kenmerke van die moderne mens is dat alles betwyfel word, en Bybelse waarhede word as onseker beskou. Ons roeping is om in Suid-Afrika vandag sterk en vasberade te wees in die uitleef van Bybelse waarhede.

Jou voorbeeld in die huis
Waar moet jy jou roeping uitleef?

Ons is met ‘n rede deel van ‘n huisgesin. Die Here het in jou huisgesin ‘n plan met elke gesinslid. In die eerste plek wil die Here hê dat jy jou roeping in jou huis sal uitleef. Deur die uitleef van jou roeping is jy ‘n voorbeeld vir die res van die huisgesin.
In die tweede plek is jy geroep om in die gemeente van Christus jou roeping uit te leef en ‘n voorbeeld vir jou medegelowiges te wees. God het jou in ‘n gemeente gevoeg volgens sy wil (1 Korinthiërs 12: 18). Ons is dus deel van ‘n gemeente, want die Here het ‘n doel met elkeen van ons. Hy wil dat jy as roepingsbewuste Christen ‘n voorbeeld vir jou medegelowiges sal wees.

Watter voorbeeld wil die Here hê moet ons stel?
Jy moet ‘n voorbeeld wees in die uitleef van die Here se wil, soos Hy sy wil in sy wet gegee het. Ons sien hierdie lewe by Josua, waar hy in God se huis is, maar ook onder die volk Israel.

Hoe gaan jy dit regkry om jou roeping na te kom om sodoende ‘n voorbeeld vir ander te wees? Die Heilige Gees het gekom om in jou te leef en te werk. Hy laat jou die Here se wet ken en verstaan. Hy help jou om die Here se wet na te kom. Maar laat jy Hom ook toe in jou lewe?

Om kinders in die geloof op te voed

Geskryf deur: Karina Hamming

Die 12 klippe
In Josua 4 word 12 klippe opgerig as ‘n gedenkteken, in opdrag van die Here. Die klippe is vanuit die middel van die Jordaan (waar die volk droogvoets deurgetrek het) geneem en saamgebring na hul slaapplek. Die klippe is neergelê in Gilgal, aan die oostelike grens van Jerigo, en stel die aantal stamme van Israel voor.

Wanneer hulle kinders dan sou vra: “Wat beteken die klippe?”, moes hulle die kinders daarop wys dat dit as aandenking dien vir die kinders van Israel vir altyd. “Sodat al die volke van die aarde kan weet dat die hand van die Here sterk is, sodat julle die Here julle God altyd mag vrees.”

Die heilige doop
Ons almal is in sonde ontvang en gebore. Die heilige doop bevestig aan ons dat ons die afwassing van die sondes ontvang deur Jesus Christus. Daarmee saam maak God ‘n belofte aan ons dat Hy ‘n ewige genadeverbond met ons oprig en ons tot sy eie kinders aanneem om ons so van alle kwaad te beskerm en as erfgename te benoem. Daarmee saam kom woon die Heilige Gees in ons sodat ons lewens daagliks vernuwe word, deurdat ons ook opgeroep word tot ‘n nuwe gehoorsaamheid.

Alhoewel kinders hierdie dinge nog nie verstaan nie, het die ouers die verpligting om hul kinders hierin breedvoerig te onderrig en te laat onderrig. Christen-ouers, as instrumente in God se hand, het met die doop van hul kinders dus ‘n belofte afgelê om hulle ingevolge die heilige sakrament as verbondskinders groot te maak.

Opvoeding uit die Ou en Nuwe Testament
Dit is belangrik dat die kind besef dat die hand van die Here sterk is, dat Hy almagtig is en dat Hy werklik is. Dit geskied veral deur opvoeding in die Ou Testamentiese verhale van hoe God sy volk deur vele benoudhede gelei het, soos die deurtog deur die Jordaan en dat die volke rondom ook besef het Hy is ‘n groot God. Dan word daar verder gebou op die Nuwe Testament, veral die tyd toe Jesus self op aarde was en hoe Hy die mense geleer het om as Christene ook in die nuwe verbond te leef. Die kinders word dan deur die Bybelse opvoeding en agtergrond geleer om die

Here te vrees, m.a.w. ontsag vir Hom te hê, en ook om as Christen te lewe.

Soos wat die kind ouer word, sal hy/sy al meer vrae hê oor die geloof en oor die doop. Dit is uiters belangrik dat die ouers nie wag tot hierdie stadium aanbreek voordat hulle hul kinders in die geloof opvoed nie.

Die fondasie

In onderwys word die studente geleer dat 'n ontsaglike hoeveelheid ontwikkelings plaasvind in die vormingsjare van die jong kind, veral eintlik voor geboorte tot omtrent sewe jaar. Sekere groot ontwikkelings vind ook plaas tot op die ouderdom van 10, waarna die ontwikkelingskurwe al meer afplat. Dit beteken dat daar, soos by 'n huis, 'n fondasie gelê word in hierdie jare en dat die res van die gebou en bedrywighede daarop gaan rus. Wanneer die fondasies nie ordentlik gelê word (in die jong jare) nie, en daar reeds gebou word aan die mure, is die moontlikheid groter dat daar foute sal opduik en al meer of groter sal word. Om dan terug te gaan na die fondasie en daaraan te probeer verbeter is baie moeilik.

Wanneer ouers dus van jongs af die kind begin opvoed in die basiese van die geloofslewe en daarop verder bou, het die kind 'n goeie struktuur om ook self al meer verder te bou as 'n groeiende Christen. Wanneer ouers en opvoeders halwe werk doen, te lank wag, ens. is die fondasie nie stewig genoeg om mure op te bou nie, dan moet daar teruggegaan word om te probeer skaaf aan 'n fondasie wat reeds geset is, wat die werk dus al meer bemoeilik. Dit is moontlik, maar nogsteeds moeilik.

'n Onvolledige fondasie

Hierdie taak is egter nie so eenvoudig soos om net al die materiale te kry en te bou nie. Baie ander aspekte moet in ag geneem word. Die eerste hiervan is dat almal in sonde ontvang en gebore is. Jy begin dus reeds met 'n onvolledige basis vir die fondasie. Die bouer self (die ouer) is ook in sonde ontvang en gebore en dus ook nie by magte om die werk 100% korrek uit te voer nie. Daarvoor het hulle mede-bouers en vakmanne. Dit behels gewoonlik die ander huweliksmaat, met mede-ouerpligte, wat die primêre opvoederspan vorm. Dan kom ander persone as deel van die sekondêre opvoedingspan ook in, soos onderwysers, gemeentelede, grootouers, ander familie, die gemeenskap en basies al die mense waarmee die ouers en die kinders in hul lewens in aanraking kom.

Die Opsigter

Maar die beste van alles kom nog. Dis nie die ouers of die sekondêre opvoeders wat alleenlik besluit op die doel en inhoud van die opvoeding nie: daar is 'n Opsigter. Hy het die ouers (en die ander betrokkenes) aangestel, Hy stel die materiale en die hulpmiddels tot die mense se beskikking, sodat hulle aan hulle kontrak (d.i. doopbelofte) kan hou. Ons Vader in die hemel stel nie net alles tot ons beskikking nie, Hy hou ons almal ook in sy hand, Hy neem die ouers ook as sy kinders aan en soek ook die beste vir hulle, sodat hulle en hulle kinders as ware Christene in die geloof kan lewe. Hy het immers 'n verbond gesluit, dat Hy die sondes sal afwas en ons ook oproep tot 'n nuwe gehoorsaamheid.

Hierdie opvoeding raak dus elke aspek van iedereen se lewe: die huisgesin, maar ook die kerk en die skool, asook natuurlik die gemeenskap waarin hierdie individue hulself bevind.

Laat ons dit dan op ons neem om ook die jongeres by te staan in hul groei in die geloof, en die ouers in hul opvoedingstaak, tot die mate waaroor ons beskik. Ons is immers almal lede van een liggaam, daar om mekaar te steun en op te bou.

Bronne:

- Die Gereformeerde Laerskool Johannes Calvyn. http://www.gljc.co.za/
- Dit is Gereformeerde Onderwys: Gereformeerde Vakbenaderings. 'n ARSO publikasie. 2002.
- Die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika: bekendstellingspamflet.
- Liturgiese Formuliere: Formulier vir die Bediening van die Heilige Doop aan Kinders.

Hoor God my gebed?

Geskryf deur: Hilde Kamphuis

'n Dogtertjie van 'n paar maande oud veg om haar lewe. Jy bid tot God vir genesing. Sy word uit hierdie lewe weggeneem. Hoekom?

'n Man van 80 ly aan kanker. 'n Mens bid tot God om hom te spaar van verdere lyding. God laat hom leef vir nog 10 jaar. Hoekom?

Jy bid jare lank vir 'n eie kind. Maar God het anders beplan en skenk jou geen kinders nie. Hoekom?

Dit bring ons telkens terug na die vraag: In hoe 'n mate luister God nou nog na ons gebede?

'n Goeie voorbeeld uit die Bybel is Josua wat gebid het dat die son moet stilstaan. In Josua 10 en 11 lees ons van die verowering van die Suide en Noorde van Kanaän (let spesifiek op Josua 10:12-14). Die koning van Jerusalem, Adonisedek, vorm 'n koalisie met vier ander konings om Gibeon te straf. Gibeon vra hulp van Josua, dus van die volk Israel. Nou moet die volk Israel vir die eerste keer oorlog voer, nie net om 'n stad in te neem nie, maar 'n hele gebied. Met God se hulp kan dit werk. Josua bid tot God en vra dat die son moet stilstaan. Die Here sorg dat dit 'n langer dag word, sodat hulle hulself volledig kan wreek op die vyande. Vers 14 noem dat daar nooit weer so 'n dag was nie. Die Here het vir Israel gestry. Dit was God se wil dat Israel saam met Gibeon die ander konings moes oorwin. Daardeur word Hy geëer. Dit is dus baie belangrik om in te sien dat God 'n Hoorder van ons gebede is.

Waarom bid ons? Want ons bely ons diepe afhanklikheid van die Here. As ons bid, dan spreek ons tot God. Ons gaan die hemelse heiligdom in. Ons gaan staan voor God se troon en praat met Hom. Gebed is vir ons so nodig soos asemhaling. Om te bid is so eenvoudig dat 'n klein kind dit kan doen, maar ook so moeilik dat volwassenes steeds sukkel met hul gebede. Dit is so kragtig dat ons in alle omstandighede met Hom mag praat.

- Ons verhouding met God word gebou as ons bid. Net soos in elke ander verhouding sal ons verhouding met God ontwikkel en groei as ons tyd daaraan spandeer.
- Bid was ook 'n belangrike deel van Jesus se lewe (Markus 1:35). Hoe sou ons dit dan kan verwaarloos?
- Deur gebed word ons versterk vir ons geestelike stryd.
- Ons bid vir God se krag in die wêreld, in die kerk en in ons eie lewens.

Bid is egter nie iets wat vir ons natuurlik kom nie. Dit gaan nie outomaties nie. Dit is iets wat ons moet aanleer. Hiermee wil ek graag 'n vers aanhaal om ons daarby te help:

"En net so kom die Gees ons swakhede te hulp, want ons weet nie reg wat ons moet bid nie, maar die Gees self tree vir ons in met onuitspreeklike sugtinge." (Romeine 8:26)

Ons moet uit diepe afhanklikheid en vertroue leef. Ons bid baie keer vir sekere dinge. Ons bid dus ook soms vir dinge wat nie goed vir ons is nie. Die Here alleen weet wat die beste vir ons is. Daarom bid ons ook dat sý wil geskied en nie ons wil nie. Deur geloof, geduld en volharding sal jy sien dat God gee wat Hy beloof het.

Dit is nie altyd maklik nie. Ons almal het al soortgelyke situasies soos aan die begin van die artikel beleef, en tog roep God ons op om in vertroue te bid. Hy verseker ons dat sy wil sal geskied. Die troos hierin is dat God die beste vir ons, sy kinders, gee, al is dit ook hoe onverstaanbaar.

Jesus het ons geleer hoe om te bid en ons mag die gebed met alle vrymoedigheid gebruik. In Jakobus 5:16 staan daar dat ons vir mekaar moet bid. Ons hoef nie altyd alleen te bid nie. Doen dit saam met iemand. Vra jou vriende om vir jou te bid, in goeie en slegte tye. Herinner mekaar om te bid!

Here, help ons tog om reg te bid.

"Maar ek en my huis, ons sal die Here dien."

Geskryf deur: Simone van den Berg

Ek's soortvan lus

Toe ek jonger was het een van my maatjies (kom ons noem haar Magreet) op 'n Sondag by my kom speel. Ek het 'n goeie idee gehad van wat ék wil speel, maar Magreet is mos die gas so ek vra haar wat sy wil doen. Die antwoord was soos gewoonlik 'n halfhartige een: "Ek gee nie om nie, wat wil jy doen?" Ek het altyd gewonder, is sy *seriously* so *boring* dat sy nie aan iets kan dink om te doen nie? Of is sy besig om *nice* te wees en my die keuse te gee?

Hierdie is sekerlik 'n slegte voorbeeld, maar ek dink dat Magreet dalk vergelyk kan word met 'n *inbetweener*. Hierdie mense is gehoorsaam en glo in God se beloftes net wanneer dit hulle pas. Die Israeliete het dit gedoen in Kanaän – hulle het God nie verwerp nie, maar Hom ook nie heeltemal aanvaar as Heerser nie.

'n Halfhartige dissipel is iemand wat 'n onstabiele lewe lei en nie vir ewig sal kan hou nie. Want eintlik leef ons ons lewens óf in liefdevolle gehoorsaamheid, óf nie. Watter een kies jy?

As ek, as ses-jarige, geïrriteerd was met flou Magreet, hoe moet God voel as ons soos Magreet reageer op sý vrae? God soek heerskappy oor elke aspek van ons lewe, nie net sommige daarvan nie. Jy dien Hom, of jy doen nie. *What's it gonna be?*

Josua en nou: gehoorsaamheid word gevra

Die boek Josua vertel oor God se werk in en deur sy mense sodat sy beloftes vervul kan word. Sy beloftes was om sy volk na die beloofde land te lei, om vyande te oorwin en om sy volk te seën en hulle rus te gee. Die boek leer ons dat omdat God altyd sy beloftes hou, ons Hom vrylik kan gehoorsaam en loof daardeur.

In Josua 24 is Josua besig om die geskiedenis van die Israeliete te vertel, om sodoende te laat blyk hoe God ingetree het en hulle uit elke klein penarie gehelp het. Hy noem al die wonders wat God gedoen het – van die skeiding van die Rooi See tot die 40 jaar in die woestyn. Hy het hulle daagliks gevoed! God het hulle versorg. Daar is geen twyfel daaraan nie: Hierdie volk behoort aan God! En nogstéédsd het die mense *issues!*

Ons het hulle ook. *Issues* van *epic proportions*. Daar is drie *issues* wat konstant na vore kom in ons vriendekringe, kerke en politici, en al drie *issues* keer dat ons in volle gehoorsaamheid teenoor God kan lewe.

• Die eerste is **vergifnis**. "Nadat hy my so in die gesig gevat het, het ek besluit hy't sy laaste kans gehad – daar's nie 'n manier wat ek hom wéér kan vergewe nie!" Kan nie? Of wil nie?

• Die tweede is die moeite om altyd die **waarheid** te praat. God sê in Efesiërs 4:15 en 25 om in liefde die waarheid te praat. Dis tyd om jou trots te sluk en dapper te wees in jou spiritualiteit.

• Die derde is **verleidings**. Hier is dit wel moontlik om nie te kan stry daarteen nie – maar ons kan

hulp kry! Weereens het ons nodig om ons trots te sluk en nederig vir God om hulp te vra. God gee ons altyd 'n uitweg – lees gerus 1 Korinthiërs 10:13. Dis so vertroostend!

In watter dele van jou lewe dink jy het jy die herinnering van God se genade nodig? Hou dit verband met die drie voorbeelde wat nou-net genoem is? Waar in jou lewe sê jy "ek kan nie" in plaas van "ek wil nie", en hoe kan jy dit verander?

Die generasie van mense wat in Josua se tyd geleef het, se een groot verleiding was om vreemde gode te aanbid; hulle kon God dus nie altyd heelhartig dien nie. Maar tog word hulle geseën. Nadat Josua sterf loop dinge baie skeef. Die nuwe generasie gee in tot die verleiding en gevolglik verlaat God sy volk.

Watter generasie het veroorsaak dat dit gebeur? Was dit die eerste generasie wat die tweede nie reg opgevoed het nie, of het generasie nommer 2 hul harte verhard? In meeste gevalle is dit albei se skuld. Foute wat gemaak word in die eerste generasie word gewoonlik oorgedra na die volgende generasie. Die fout/verleiding is egter erger en word moeiliker om teen te stry.

Dit gebeur in vandag se lewe ook. Dink aan alkoholiste. Baie keer volg die kinders in hul ouers se voetspore. Dink aan jou en jou gesin se Bybelstudie-sessies en hoe gereeld julle kerk toe gaan en saam bid. As 'n persoon grootword in 'n huis waar niemand hulle geloof ernstig opneem nie, is die kans redelik goed dat hulle later ook nie meer so getrou gaan wees nie.
Kyk hoe Josua in Josua 24:15 dan die volk verseker dat so iets nie in sy huis gaan gebeur nie: "…maar ek en my huis, ons sal die Here dien." Ons moet presies dieselfde uitkyk hê. Dit is moontlik dat jy in moeilike omstandighede moes grootword en daaruit moes leer. Dalk het jy 'n paar slegte gewoontes aangeleer by jou ouers of in die omgewing waar jy woon en werk, maar jy weet jy moet liewers teen dit stry. Ons weet die duiwel *target* Christene, so trek die wapenrusting aan en laat waai! Wys hom bietjie wie's baas.

Dapper in jou spiritualiteit
Die twee woorde 'dapper' en 'vertroue' moenie as aparte konsepte gesien word nie. Saam beteken dit dissipelskap. Dit ís *scary.* Dit is moeilik om dapper te wees sonder om op God te vertrou. Vertroue in God weer, beteken om nie altyd die verwagte of beplande stappe in die lewe te volg nie, maar om dapper te wees.

God het Abraham gered vanweë sy standvastige vertroue op God, en hom geseën met 'n ontelbare nageslag. Genesis 18:19 sê: "Want Ek het hom verkies, dat hy aan sy kinders en sy huis ná hom bevel sou gee dat hulle die weg van die Here moet hou om geregtigheid en reg te doen; sodat die Here oor Abraham kan bring wat Hy oor hom gespreek het." Dink net as God dit oor jou sou sê!

Dra jou geloof oor aan ander
Wat moet ons doen om ons geloof oor te dra na die volgende geslag soos wat Josua en Abraham gesê het hulle sal?

1. Ons moet **God heelhartig liefhê**. Dit beteken dat ons nie skynheilig of wispelturig is nie. Hierdie gebod word nie meganies of gedeeltelik gehoorsaam nie.

2. Ons moet **die Woord prakties toepas** in ons lewens en daaroor reflekteer. Moenie dink dis 'n akademiese of abstrakte boek nie. Deuteronomium 6: 6 en 7 sê: "En hierdie woorde wat ek jou vandag beveel moet in jou hart wees; en jy moet dit jou kinders inskerp en daaroor spreek as jy in jou huis sit en as jy op pad is en as jy gaan lê en as jy opstaan." Lees gerus Deuteronomium 6 – dis baie insiggewend! Wys deur jou lewenswyse hoe God deel vorm van jou daaglikse lewe. Om dit te kan 'bemeester' verg wysheid en 'n besef van hoe die waardes en ideale vanuit die evangelie ons prioriteite en besluite moet affekteer.

3. Deuteronomium 6: 20-25 vertel ons dat ons **die reëls van ons geloof kan korreleer met God se reddingswerk** in ons lewens. Gee persoonlike vertellings oor hoe God 'n verskil maak in jou lewe. Wees oop oor dinge waarmee jy sukkel. Wees oop oor hoe bekering werk in jou lewe. Ons het nie nodig om formeel en onpersoonlik om te gaan met die uitlewing van ons geloof nie.

Opsommend
Wees konstant in jou optrede, besef die besonderse situasie waarin jy is en wees *close-up personal* oor jou geloof.

Geskiedenis en persoonlike ervaring wys ons dat hierdie drie dinge moeilik is om op groot skaal uit te dra. Die meeste Christene dink dat as hulle hul kinders van die ware Woord leer, hulle hul beskerm teen onchristelike aktiwiteite, en as hulle hul inskryf by kerklike en geestelike organisasies, hulle alles in hul mag gedoen het om te verseker hulle kind is 'oraait'. Die jeug word afgesit van die geloof deur slegte dinge, maar ook deur swak ouerskap. As die

ouers nie kan begryp in watter wêreld hul kinders woon nie, en ook nie oop is oor hul eie geestelike lewens nie, wel, dan gaan dinge moontlik bietjie lol. Uiteindelik is dit tog wel die kind se eie wil en besluite wat die grootste rol speel – en hulle sal die gevolge van hul besluite moet dra.

As ons aan Hom bly vashou, en so lank ons getrou en gehoorsaam bly aan Hom, sal die seëninge van die Here ons aanhoudend oorweldig. Kom ons streef daarna.

Bronne:
- www.lovethelord.com [2014, Feb 7].
- www.biblehub.com [2014, Feb 7].
- Keller, T (2013). Judges for You. The Good Book Company.

Geld die Tien Gebooie vandag nog?

Geskryf deur: Marcelle de Jong

Die Ewige Wet

Ons Here Jesus Christus het uitdruklik die ewigdurende geldigheid van die wet bevestig.

> "Moenie dink dat Ek gekom het om die wet of die profete te ontbind nie. Ek het nie gekom om te ontbind nie, maar om te vervul. Want voorwaar Ek sê vir julle, voordat die hemel en die aarde verbygaan, sal nie een jota of een titteltjie van die wet ooit verbygaan totdat alles gebeur het nie. Elkeen dus wat een van die minste van hierdie gebooie breek en die mense só leer, sal die minste genoem word in die koninkryk van die hemele; maar elkeen wat dit doen en leer, hy sal groot genoem word in die koninkryk van die hemele. Want Ek sê vir julle dat, as julle geregtigheid nie oorvloediger is as dié van die skrifgeleerdes en Fariseërs nie, julle nooit in die koninkryk van die hemele sal ingaan nie." (Mattheus 5:17-20)

Ons sien dus dat Christus in al die Evangelies die relevansie van die wet benadruk het (Mattheus 22:36-40; 23:23; Markus 7:1-13). Maar meer nog, Christus Jesus het ook self die burgerlike funksie van die wet gehandhaaf (Mattheus 15:3-6). Hy sélf het die Wet volkome onderhou gedurende sy lewe en bediening op aarde (Psalm 40:7-8; Mattheus 8:4; 17:24; Markus 11:16-17; Johannes 8:46; 15:10; 1 Johannes 2:4-6; 3:4).

Ons mag ook weet dat Christus Jesus ons in ooreenstemming met die eise van die Wet gered het, soos Galasiërs 4:4-5 dit beskryf: “Maar toe die volheid van die tyd gekom het, het God sy Seun uitgestuur, gebore uit ‘n vrou, gebore onder die wet, om die wat onder die wet was, los te koop, sodat ons die aanneming tot kinders kan ontvang.” Hierby aansluitend skryf Paulus in Kolossense 2:13, 14: “En julle, wat dood was deur die misdade en die onbesnedenheid van julle vlees, het Hy saam met Hom lewend gemaak deurdat Hy julle al die misdade vergeef het, en die skuldbrief teen ons, wat met sy insettinge ons vyandig was, uitgedelg en weggeruim het deur dit aan die kruis vas te nael...” God se genade word hierin juis nog mooier! Hy verlos ons deur die wet, regverdig en volgens sy Woord.

Die Tien Gebooie is op die ganse mensdom van toepassing, maar dit het veral betrekking op ons Christene. Daarin word die karakter van God weerspieël, en die volle outoriteit daarvan bly steeds in die Nuwe Testamentiese bedeling behoue, want Petrus self haal Levitikus 19:2 aan wanneer hy skryf: “Wees heilig, want Ek is heilig.” (1 Petrus 1:16)
Paulus self skryf aansluitend dat die hele Skrif deur God geïnspireer is (dus ook die wet) en groot waarde het om in die waarheid te onderrig, dwaling te bestry, verkeerdhede reg te stel en ‘n regte lewenswyse te kweek, sodat die man wat in diens van God staan, volkome voorberei en toegerus sal wees vir elke goeie werk (2 Timotheus 3: 16-17).

Ons eerste prioriteit

Toe die sending-pionier John Elliot begin het met die vertaling van die Bybel in Algorquim, die taal van die Indiane in Massachusetts, het hy met die Tien Gebooie begin. Sy eerste preek vir hulle was ook oor die Tien Gebooie. Natuurlik het Elliot nie gedink die Indiane sou deur die Tien Gebooie gered word nie. Maar hulle moes die wet van God en hulle eie sondige bestaan verstaan, vóór hulle sou besef waarom hulle redding in Christus nodig het.

Net so het John Paton sy bediening aan die kannibale van die Stille Suidsee ook begin met onderrig oor die Tien Gebooie. Die skerp naald van die wet skep die opening vir die rooi garing van die Evangelie. Mense sal nie die heiligheid van God verstaan alvorens hulle die wet verstaan nie. En solank as wat ons nie die heiligheid van God verstaan nie, sal ons ook nie ons eie sondigheid en behoefte aan redding deur Jesus Christus begryp nie.

Wat meer is, terwyl regverdiging deur die geloof te make het met hoe sonde vergewe word, het heiligmaking te make met hoe sonde in ons lewens oorwin word. Robert Murray M’Cheyne het verduidelik: “Dit is ‘n heiligmakende Evangelie. Sonder die vrug van heiligheid, is alle getuienis nutteloos. My liewe vriende, julle het ontwakings, verligtings, ondervindings, en baie tekens; maar as heiligheid by julle ontbreek, sal julle nooit die Here sien nie. ‘n Ware hunkering na volkome heiligheid is die beste waarmerk van wedergeboorte... Onvernude mense kan nie daarvan getuig nie.”

Om oor die Tien Gebooie te preek en mense daaroor te onderrig, bring bekering terug in die Evangelieboodskap. Ons as kerklidmate kan onsself bedrieg; ons toon geen Bybelse tekens dat ons deur die Heilige Gees wedergebore is nie – ten spyte daarvan dat ons getrou kerk bywoon, die sondaarsgebed bid, gedoop is, ons name as lidmate laat opskryf het, en aan talle kerklike aktiwiteite deelneem.

Onderrig oor die Tien Gebooie behoort te help om die valse leerstelling - dat ‘n mens Jesus as ‘persoonlike Saligmaker’ kan aanneem, sonder om aan Hom as Heer onderdanig te wees – die nek in te slaan. Die opvatting dat gehoorsaamheid aan die opdragte van Christus vir enige ware Christen ‘n opsionele ekstra is, sal deur alle skrifgetroue eksegese as ‘n leuen aan die kaak gestel word.

Die reiniging van ons sonde deur die bloed van Christus, en die werking van die Heilige Gees in ons harte, is onafskeibaar saamgevoeg in God se groot verlossingswerk. Regverdiging en heiliging loop hand aan hand.

Koning Dawid, die skrywer van die meeste Psalms, en die een wat beskryf is as “’n man na God se hart” het geskryf: “Laat my wandel op die pad van u gebooie, want daarin het ek ‘n behae. Toorngloed het my aangegryp vanweë die goddelose wat u wet verlaat. Hoe lief het ek u wet; dit is my bepeinsing die hele dag. Twyfelaars haat ek, maar u wet het ek

lief. Dit is tyd vir die Here om te handel: hulle het u wet verbreek. Daarom het ek u gebooie lief, meer as goud, ja, as baie fyn goud." (Psalm 119: 35, 53, 97, 113, 126, 127)

Die Apostel Johannes skryf: "Hy wat sê: Ek ken Hom – en sy gebooie nie bewaar nie – is 'n leuenaar en in hom is die waarheid nie." (1 Johannes 2:4)

Paulus skryf dat die genade nie die wet ophef nie. Dit kom juis deur Christus tot sy reg (Romeine 3:31). Die wet is vandag nog steeds heilig en daarom is die voorskrifte daarvan nog steeds heilig, reg en goed (Romeine 7:12). Ons mag weet dat Christus in ons plek kom staan het om die wet te doen. Dit wat ons nie kan nakom nie, het Hy vir ons nagekom en nou wil ons uit liefde volgens die wet lewe, daarom skryf Paulus in Romeine 7:22: "Want ek verlustig my in die wet van God na die innerlike mens."

Die wet is die spieël waarin ons ons eie sonde ken. Aansluitend hierby het Martin Luther gesê: "Die eerste taak van 'n Evangelieprediker is om God se wet te verkondig, en die wese van sonde uit te spel."

John Bunyan het ook nie die wet van God losgelaat nie, daarenteen het hy juis onderstreep dat "die man wat nie die wese van die wet ken nie, ook nie die wese van sonde ken nie."

Om die wet van God te verbreek, is eintlik niks anders nie as om jouself op die wette van God te verpletter. Ontelbare individue en nasies het God se opdragte oortree en teen sy wet oorlog verklaar. Die slotte en die krotbuurte, hospitale en gestigte, tronke, oorlogsvelde en begraafplase is vol van die gevolge van die mens se rebellie teen God.

Josua roep die volk in Josua 24 op om God te dien - kyk maar net hoe God die volk genadiglik uit die slawehuis uitgelei het en hoe baie oorwinnings Hy vir hulle gegee het. God stort sy genade op die volk uit en al wat Hy terugvra is om Hom te dien. Die volk het 'ja' geantwoord, hulle wil die Here dien - dit is die teken van totale dankbaarheid en liefde vir God die Here oor alles wat Hy al vir hulle gedoen het.

Ongelukkig kon die volk nie God se wet honderd persent onderhou nie. Ons ook nie, maar God het dit ook geweet en in sy goedheid het Hy vir ons 'n Verlosser geskenk! En nou word ons opgeroep om Christus aan te gryp en volgens sy wet te lewe. Daarom skryf Johannes: "Hieraan weet ons dat ons die kinders van God liefhet: wanneer ons God liefhet en sy gebooie bewaar. Want dit is die liefde tot God, dat ons sy gebooie bewaar; en sy gebooie is nie swaar nie. Want alles wat uit God gebore is, oorwin die wêreld; en dit is die oorwinning wat die wêreld oorwin het, naamlik ons geloof." (1 Johannes 5:2-4)

Vir ons en die volk was "...die wet dus ons tugmeester na Christus toe, sodat ons geregverdig kan word uit die geloof." (Galasiërs 3:24)

Vandag mag die wet vir ons 'n teken van genade wees. Ons is nou nie meer slawe van die wet en die sonde nie, maar vrygekoopte vriende van Christus wat in sy Naam en sy wet deur die Heilige Gees mag lewe!

Bronne:

Dr. Peter Hammond. Frontline Fellowship. Die Wet van God. www.frontline.org.za

NGB ARTIKEL 2: DIE MIDDELE WAARDEUR ONS GOD KEN

Ons ken Hom deur twee middele: Ten eerste deur middel van die skepping, onderhouding en regering van die hele wêreld. Dit is immers voor ons oë soos 'n mooi boek waarin alle skepsels, groot en klein, die letters is wat ons die onsigbare dinge van God, naamlik sy ewige krag en goddelikheid, duidelik laat sien, soos die apostel Paulus sê. Al die dinge is genoegsaam om die mense te oortuig en hulle alle verontskuldiging te ontneem. Ten tweede maak Hy Hom deur sy heilige en Goddelike Woord nog duideliker en meer volkome aan ons bekend, en wel so veel as wat vir ons in hierdie lewe nodig is tot sy eer en tot die saligheid van hulle wat aan Hom behoort.

In artikel 1 het ons bely dat daar net een God is. Maar hoe kan ons dit weet? Is dit iets wat onsself gevoel of ervaar het? Het dit vanself by ons opgekom? My gedagtes kon net sowel tot die teenoorgestelde konklusie gelei het, naamlik dat daar geen God is nie. Daar is mos genoeg mense wat tot daardie konklusie gekom het op grond van hul eie verstand en gevoel.

Maar dit het God behaag om Homself aan ons bekend te maak. God wou hê dat ons Hom sou ken en liefhê. Kennis van God begin dus nie by myself nie, maar by God: Hy maak Homself bekend.
Hoe maak Hy Homself bekend? Op twee maniere: deur sy skepping, onderhouding en regering van die wêreld, en tweedens deur sy heilige en goddelike Woord.

1. Natuur

Die natuur is vir ons 'n daaglikse werklikheid. In die natuur en die gebeure op aarde sien ek hoe God besig is. God regeer. Die glorie van sy mag, sy goedheid en wysheid is orals sigbaar.
Die boek van die natuur is vir alle mense bestem. Die boodskap gaan na elkeen uit, na die gelowiges, maar ook na die ongelowiges. Dis vir alle mense sigbaar en hoorbaar, maar nie alle mense herken en interpreteer dit ewe goed nie. Ons lees daarvan in Romeine 1: 19 en 20:

> "Wat van God geken kan word is in hulle openbaar, want God het dit aan hulle geopenbaar. Want sy onsigbare dinge kan van die skepping van die wêreld af in sy werke verstaan en duidelik gesien word, naamlik sy ewige krag en goddelikheid, sodat hulle geen verontskuldiging het nie." (Romeine 1:19, 20)

Maar hoe kan iemand God uit sy skepping leer ken as hy nie die Bybel het nie? Hierdie verskoning is nie geldig nie. God het aan elke mens hierdie duidelike boek van sy skepping gegee. Dat mense dit nie kan lees nie is hul eie skuld. Want God het ons mense so gemaak dat ons dit wel kon lees. Maar ons het onsself van hierdie gawe beroof. Daar is dus geen verskoning nie.

Dit maak die skuld van die mense baie swaar. Want hulle ken God eintlik, omdat Hy elke dag naby hulle leef. Daarom kan niemand hom ooit op onkunde beroep nie. Calvyn skryf dat God Hom in die hele skepping van die wêreld so geopenbaar het en Hom elke dag daarin op so 'n wyse toon dat die mens sy oë nie kan oopmaak sonder om gedwing te word om Hom daarin raak te sien nie. Dit is so duidelik en opvallend dat alle verontskuldiging van onkunde daardeur weggeneem is.

Mense wat God nie geken het nie, het geen verskoning nie. Hulle het die sterre en die blomme gesien, hulle het die wisseling van die seisoene ervaar en nog baie meer, maar hulle het nogtans God nie erken nie. Die volgende voorbeeld kan dit dalk verduidelik:

Jan kom 5 uur by die huis maar niemand is tuis nie. Geïrriteerd soek Jan sy eie sleutel, maak die deur oop en gooi sy skoolsak op die kombuistafel neer. Hy sien nie 'n briefie van Ma nie. Hoekom laat sy nie weet waar sy is en wanneer sy terugkom nie? Sy weet mos hy moet vroeg eet, want vanaand het hy sokkeroefening. Hy kyk in die yskas, maar daar is ook nie 'n bord kos vir hom nie.

Toe Jan na sokkeroefening terugkom by die huis, is hy nog steeds kwaad vir sy ma. Sy luister geduldig en sê dan: "Jong, ek het jou dan gisteraand vertel dat ek Ouma dokter toe moet vat en dat dit waarskynlik laat sou word. Maar jy het nie die moeite gedoen om jou musiek sagter te sit nie. Vanoggend het ek dit weer gesê, maar jy was haastig. Toe los ek maar vir jou 'n briefie op die kombuistafel. Het jy dit nie gesien nie? O, geen wonder nie, jou skoolsak lê daarop. Ek het vir jou 'n bord kos in die mikrogolf gelos, jy moes dit net vir 5 minute warm maak. Hoekom het jy dit nie gesien nie?

So gebeur dit met ons ook. God het alle tekens vir ons gegee. Hoekom het ons dit nie raakgesien nie?

2. Skriftuur

God maak Homself nog duideliker en meer volkome bekend deur sy heilige en goddelike Woord. Calvyn noem die Woord die onmisbare bril wat ons nodig het om God in die skepping te sien. Die Woord leer vir ons dinge wat ons nie uit die natuur kan leer nie, soos die verlossing deur Jesus Christus, die versoening van sondes en die Drie-enige God.

Ons moet onthou dat natuur en skriftuur altyd 'n eenheid vorm. Ons kan nie slegs een van die twee kies om God te leer ken nie. Ons moet dankbaar wees dat God uit sy groot genade vir ons maniere gegee het om Hom te leer ken: sy almag, goddelikheid en oneindige liefde.

Bron:

Preek van ds C Kleijn. NGB Artikel 2. 17 Julie 2005.

REAKSIE OP VORIGE UITGAWE

Evolusie: Van primitief na ontwikkeld?

Geskryf deur: Oom Hilko Lubbinge

Die artikel oor evolusie in die vorige Olielamp het my as wetenskaplike aangespreek. Eers wanneer ‘n mens ’n verdere studie van die wetenskap maak kom ‘n mens agter hoe die evolusiegedagtes ons sig op die hele lewe beïnvloed het. Calvyn gebruik reeds in een van sy Bybelse kommentare die beeld dat die gelowige met ’n ander bril na die lewe kyk as die ongelowige. Dink jou in as ek ’n bril met groen lense op het en jy een met rooies. Die ‘werklikheid’ gaan vir elkeen van ons heelwat anders lyk.

Die voorbeelde van verskille is te veel om op te noem, maar ek wil nou een saak uitlig: die gedagte dat mense eers primitief was. Hulle het in grotte gewoon, het primitiewe steenwerktuie gehad, ens. Hulle het wilde diere mak gemaak en as hulle werktuie gebruik (terwyl ons in Genesis 1:24 lees dat God ‘vee’ geskep het). Skrif het ontwikkel en die mens het sy eie lewe begin beheer (bestuur). So word daar gepraat van pre-historie of voorgeskiedenis. Eers toe die mens begin skryf het en beheer van sy lewe begin neem het, het geskiedenis begin. Vandag sien ons in die wetenskap hierdie proses van ontwikkeling met versnelde pas voortgaan.

Wat dink julle? Was Adam en Eva primitiewe mense? Jagters wat in grotte gelewe het? Nie kon skryf en dalk nie eers ’n ordentlike taal gehad het nie?

Hoe ongemerk hierdie gedagtes ook onder ons gereformeerdes posgevat het, kan ek met die volgende illustreer. Ons lees op bl. 368 van die uit Nederlands vertaalde Bybelse Ensiklopedie die volgende oor uitgrawings:

“In hierdie lae is allerhande oorblyfsels van voorwerpe wat destyds gebruik is. En hierdie voorwerpe is in die loop van die eeue anders. In die onderste lae word daar gewoonlik werktuie van klip, en daar bo-op van brons, en uiteindelik daarbo weer van yster gevind. Daarom word gepraat van die Steentyd, Bronstyd, en die Ystertyd.” “Op grond van dié vondse het ondersoekers nou die lae van die uitgrawings volgens ouderdom ingedeel en die volgende rangskikking gemaak: Steentyd: …? Bronstyd: 2000 -1200 vC. Ystertydperk: 1200 tot 50 vC.” “Nou val die intog van die Israeliete in Kanaän ongeveer saam met die begin van die ystertydperk.”

(Die boek is onder hoofredaksie van prof. dr. F.W. Grossheide saamgestel. Ander bekende gereformeerde teoloë het ook daaraan saamgewerk.)

In Genesis 4: 21 en 22 lees ons die volgende: “Die naam van sy broer was Jubal. Hy was die vader van almal wat op **siters en fluite** speel. En Silla het ook gebaar, naamlik Tubal-Kain, ‘n smid wat allerhande **koper— en ysterinstrumente** gemaak het.”

Hoe nou? Reeds dadelik lees ons in die Bybel van landbouers, veeboere, musiekinstrumente, smede wat met yster en koper werk! Ja, dit is so, Moses se vrou gebruik ’n klipmes om hulle seuns te besny. Hedendaagse navorsing toon egter dat klipwerktuie glad nie noodwendig ‘primitief’ is nie. Tegnieke om dit te maak is nagevors en dit blyk dat dit glad nie so eenvoudig is om te maak nie. Ook nie dat dit noodwendig ‘n ‘primitiewe’ instrument is nie.

Van die internet lees ek: *“Slegs die kundiges (die argeoloë) kan hierdie inligting (die bevindinge) lees en praat en die hele ketting van gebeure rekonstrueer. Ons kan dink aan die lewe van*

mense uit die Steentydperk (honderdduisend jaar gelede), ens."

Net die kundiges kan dit verstaan en rekonstrueer. Ons moet hulle glo, want hulle is die kundiges – ons is maar net leke. Maar wat is die uitgangspunte, die voorveronderstellings van hierdie kundiges? Is dit die evolusionêre 'logika' dat alles begin het met 'sogenaamde' primitiewe mense?

Wie glo jy? Die Woord van die lewende God wat alles geskep het, of die 'kundiges'?

BOEKRESENSIE

Wenners – die verhaal van oorwinning oor gestremdheid

Skrywer: Karlien Roos

Hierdie boek vertel die verhaal van hoe drie jong seuns se lewens ingrypend verander het na 'n gru-ongeluk. Nie net húlle lewens nie, maar ook die lewens van hulle familie en vriende, en ook die lewens van mense wat die seuns se gelowige hantering van die ongeluk aanskou het.

Die seuns was nie bewus van die laag hangende hoogspanningsdraad wat die dorpie Sedgefield van elektrisiteit voorsien nie, en nog minder het hulle aan die tweerompskuit se hoë aluminiummas gedink wat toe nóg hoër was omdat die skuit op die sleepwa was. Toe die mas aan die hoogspanningsdraad raak, is hulle jong lewens in 'n verblindende oomblik drasties omvergewerp.

Niel se linkerarm en Hennie se regterarm is tot by die skouer geamputeer, terwyl Braam sy hele regterarm, sy regterbeen tot by die knie, en die tone en voorste deel van sy linkervoet verloor het.

Hierdie boek vertel van God se antwoorde op die hoekoms. Dit vertel van die vaste vertroue waarmee die seuns en hulle gesinne die ongeluk verwerk het, en hoe elke persoon wat deur die ongeluk geraak is, suiwerder en sterker aan die anderkant uitgekom het. Die boek straal van die goedheid van die Here wat selfs midde-in die krisis van 'n skynbaar sinlose ongeluk, sy liefde en genade openbaar.

Hierdie boek is bedoel vir mense wat deur diep waters gaan en wat baie pyn en hartseer verduur, want hierdie boek verskaf 'n manier om te ontdek wat geloof, hoop en liefde in 'n mens se lewe kan beteken.

Challenge

Week 1
Oorweeg in hierdie week die geskiedenis van die 12 verspieders, soos ons van hulle lees in Numeri 13. Is jou vertroue in God so sterk soos Josua en Kaleb? Of het jy ook 'n teken nodig soos Gideon met die wolvlies?

Week 2
Lees Handelinge 12:5 en 13-16 en Josua 10:11-14. Hoe baie keer bid ons nie ook vir iets en as ons dit kry, kan ons dit byna nie glo nie? Of dan vergeet ons om God daarvoor te dank? Dink aan die gevolge as ons nie God se beloftes en dreigemente glo nie, soos wat Agan oorgekom het en ook in die geval van die Gibeoniete. Oordink hierdie week die gawes wat God jou gegee het en elke dag weer gee en dank Hom daarvoor!

Week 3
God gebruik alle soorte mense om sy verlossingsplan in vervulling te bring. Hoeveel keer praat ons nie met vooropgestelde idees van mense nie? Veral mense van ander kerke? Dink aan hoe God Ragab gebruik het en lees die gedeelte in Josua 2.

Week 4
Lees Josua 24. Let veral op vers 15. Dink hierdie week na oor hoe jy in jou lewe meer kan evangeliseer. Nie noodwendig deur sending nie, maar deur jou daaglikse lewe. Dink aan wat Jesus in die Nuwe Testament sê oor 'n stad op 'n berg en 'n lig op 'n staander. Probeer om jou geloof meer tot uiting te laat kom in jou daaglikse lewe en bid God in die eerste plek vir hulp daarby.